**Die sensusopnames**

**Num 1:1-46, 26:1-4, 51**

**11 April 2021**

1. In Numeri is God aan die woord en die werk. Dit is voorbeelde en waarskuwings aan ons wat in die laaste dae leef (1 Kor 10)
2. Opdrag vir eerste sensusopname (Num 1:1-16)
    a. God self gee die opdrag (vers 2)
    b. Aäron en leier uit elke stam moet help (vers 2, 4)
        i. Leiers verskyn weer in hoofstukke 2, 7 en 10
        ii. Name van leiers is teofories (bevat God se Naam)
    c. Man vir man, 20 jaar en ouer, volgens afkoms en familie, in leërafdelings
    d. Sensusresultate is neergeskryf
    e. Doel was militêr van aard, siende dat hulle op punt staan om beloofde land in te neem
3. Resultate van sensusopnames (Num 1:20-46, Num 26:1-51)
    a. Detail van elke stam word beskryf – redelike variasie tussen 74 600 (Juda) en 32 200 (Manasse)
    b. Groottotaal van 12 stamme = 603 500 mans (Totaal waarskynlik > 2 miljoen)
    c. Groei oor 400 jaar van 70 mense tot meer as 2 miljoen! (Eks 1:5)
    d. Besware teen groot getalle: logistiek, beloofde land is te klein, is Israel een van die grootste volke? (Deut 7:7), te min eersgebore seuns (Num 3:43)
    e. Pogings om groot getalle te verduidelik: Foute met kopiëring, "duisend" kan "groepe" beteken, simboliese interpretasie, deel met faktor 10
    f. Argumente ten gunste van letterlike interpretasie:
        i. In geskiedenisbeskrywings (narratiewe) het getalle gewoonlik letterlike betekenis
        ii. Die getalle word elders in Bybel ook genoem: Num 2, Eks 12:37, Eks 38:26
        iii. God se belofte aan Abraham: nageslag soos die sterre aan die hemel (Gen 15:5)
        iv. Egiptiese koning erken Israel is meer as Egiptenare (Eks 1:8)
    g. Resultaat van tweede sensusopname: Groottotaal = 601 730 (Num 26:51)
4. Implikasies
    a. Ons leer hoe God werk
        i. God werk ordelik, in detail, doelgerig, pro-aktief, deur mense, in lyn met Sy beloftes
        ii. God werk soortgelyk met die kerk as destyds met die volk
    b. Sensusresultate is 'n tipe van die boek van die lewe
        i. God vee name uit van die wat sondig (Eks 32:32-33)
        ii. Almal wat nie wil stry vir beloofde land nie, verskyn nie in tweede sensus nie
        iii. Ons moet staan en nie val nie (1 Kor 10:12), kragte inspan (1 Tim 6:12), beywer om in rus in te gaan (Heb 4:11)
        iv. Op 3:5 – God sal elkeen wat die oorwinning behaal se naam nie uit boek van lewe vee nie
        v. Die wie se naam nie in die boek van die lewe is nie, eindig in die vuurpoel (Op 20:15)